

# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 24 - nr. 47)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

19 November 2023

## EREDIENS dr. Petrus Venter (Nagmaal en nabetragting)

Erediens – 9h30  
(Nagmaal en nabetragting)

### LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Markus 3: 7-21

Teks: Markus 3: 21

Sing- VOORAF SANG: Ps. 103: 8-9

TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,2;  
Ps. 2:1,6; Ps. 133:1, 2; Ps. 23:3; Ps. 116...

Sb 10-2:1 (Onse Vader)

### KOM TOT JOU SINNE- VOOR NAGMAAL

*Toe sy familie hiervan hoor, het hulle  
gegaan om Hom te gaan haal, want hulle  
het gesê: "Hy het van sy kop af geraak."*

### NABETRAGTING -

Skriflesing: Markus 3: 22 - 30

Teks: Markus 3: 22 - 23

### VRIEND OF VYAND VAN JESUS – NĀ NAGMAAL

*Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af  
gekem het, het gesê: "Hy is van Beëlsebul  
besete!" en "Dit is met die hulp van die  
aanvoerder van die bose geeste dat hy  
bose geeste uitdrywe."*

Vooraf sang: **Ps. 103: 8,9**

**Ontmoetingsdiens**

Votum

Lofsang: Sb. 5-3 (8): 1, 2

**Geloofsbelydenis**

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

**Verootmoediging en versoeningsdiens**

Wet

**Sing:**

Ps. 2: 1, 6

**Woorddiens**

**Gebed**

Sing: Ps. 133: 1, 2

VOOR NAGMAAL

**Skriflesing:** Markus 3:7:21

**Teks:** Markus 3: 21

**KOM TOT JOU SINNE**

**NAGMAALVIERING**

Formulier

Gebed

Sing – Ps. 23:3

Viering

**NABETRAGTING**

**Skriflesing:** Markus 3:22 - 30

**Teks:** Markus 3: 22 – 23

**VRIEND OF VYAND VAN JESUS?!**

Lofverheffing- Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – DVB (Diakonie)

By die deure – Bediening vir Postmasburg

**Slotsang**

Sing- Ps. 84: 5,6

**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

### Sondag 19 November 2023 (Nagmaal en nabetragting)

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Bediening vir Postmasburg

### Sondag 26 November 2023

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Teologiese Studentekas

**U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...**



Snap here to pay

SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 19 November 2023 Wyk 5

Ouderling: Vakant

Diaken: Lombard Niesing

## VERJAARSDAE

26 Nov. Magdel Potgieter

28 Nov. Christa van der Merwe

29 Nov. Zilke Nel

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Sr Helena Coetzee se broer het baie erge terugslae in sy gesondheid. Ons dink aan haar en bid hulle familie en geliefdes die krag en nabyheid van die Here toe.

Sr Kobie Reinecke het groot operasie wat voorlê. Mag die Here haar in die tyd ook daarop voorberei en dat sy van die pyn wat dag na dag al deel van haar lewe moes word, verlos kan word.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R465 415-00
Totaal van dankoffers vir Oktober 2023	R39 080-00
Totaal van dankoffers vir November tot op hede	R24 150-00
Kermis inkomste vir 2023	R242 605-50
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R670-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

## KATEGESE

Laerskool kategese reeds afgesluit.

Ons Hoërskool -katkisanter is daar op 7 November 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/drkSXTBCUF0> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Ons het Hoërskool katkisasie vir hierdie jaar met die les afgesluit.

## BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

## PRETORIA FM OPNAMES

Die 27 opnames wat ons vir Pretoria FM moes opneem sal DV in die week van 3 – 9 Desember oor die radio uitgesaai word. Dit begin met die uitsending op 3 Desember (9h00) van ons erediens en in die week sal die res van die uitsendings volg. Daar is Vroegoggend uit die Woord oordenkings (5h50) en ook weer oordenkings wat om 10h05 weksdae uitsaai, huisgodsdiensoptnames (18h55), laatnag-afsluiting (23h50) uitsendings.

U kan na die radiostasie luister op die skottel by kanaal 887 of deur middel van die internet by [www.pretoriafm.co.za](http://www.pretoriafm.co.za). Daar is ook geleentheid om op u eie tyd na die uitsendings te luister. Dit plaas hulle alles onder die skakel bekend as webgrepe ....

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](https://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 18 Februarie 2024?

Kerkraadsvergadering- 18 Februarie 2024?

Dorkasvergadering- 18 Februarie 2024?

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAE

Erediens bywoning 12/11	<b>63</b>
Kollekte Diakonie 5/11	<b>R2 214-00</b>
Kollekte (Deure) 29/10	<b>R829-00</b>
Kollekte Dorkas susters	
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



**Snitte vleis is daar nog van oor. U kan vir br Francois Marais nader as u van die vleis wil aankoop. Hy is Woensdae nie beskikbaar nie. Op enige van die ander dae is hy vanaf 8h30 tot net na 10h00 by kerk. Hy kan geskakel word by 076 612 2255. Of anders kan u dr. Petrus of sr Christine ook kontak as u op ander tye gehelp wil word. Petrus se nommer is 084 704 2348. Christine se nommer is 084 511 9620. Ons hoop dat ons spoedig die voorraad mag uitput?**

**As jy met die onkunde van 'n ander spot, is jou kennis nie so uitgebreid dat jy jou eie onkunde besef nie**

**Eenvoud is die kenmerk van die heel laagste en die heel hoogste  
(CJ Langenhoven).**